



Bou ons kinders vir môre

Sondagskool 4

Les Titel: Verklarings van Jesus oor die Heilige Gees

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les oor Verklarings van Jesus oor die Heilige Gees

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus en Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasie-onderwyser indien u ondersteuning vereis of bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Verklarings van Jesus oor die Heilige Gees
Bybelwoord	Johannes 14: 15-26; Johannes 15: 26; Johannes 16: 7-14 en Galasiërs 5: 22-23
Lesdoelwit	Die kinders leer van die basiese aard en uitwerking van die Heilige Gees.

Lesopsomming:

- Die Heilige Gees vorm deel van die Drie-eenheid van God, ook bekend as die Drie-enige God. God die Vader, God die Seun - Jesus en God die Heilige Gees.
- Jesus het vir die dissipels vertel dat Hy weggaan om na sy Vader terug te keer. Hy gaan 'n huis in die hemel voorberei, sodat al die kinders van God eendag vir ewig by Hom kan wees.
- Die dissipels was baie hartseer en bang toe hulle dit hoor. Hulle het gedink: "Wat sal met ons gebeur as Jesus vertrek? Wie sal ons van God leer? Wie sal ons help om sterk te wees sodat ons aan God gehoorsaam kan wees? Wie sal ons herinner aan wat Jesus gesê en gedoen het? Wie sal ons troos as ons hartseer is? "
- Jesus het vir die dissipels gesê om nie bang te wees nie. Hy het gesê: "Die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, sal julle alle dinge leer en julle herinner aan alles wat ek gesê het."
- Jesus het gesê dat die Heilige Gees hulle Helper en Trooster sou wees.
- Die dissipels was bly toe hulle hoor wat Jesus sê.
- Jesus het gesê: Die Heilige Gees is die Helper en die Gees van Waarheid - julle kan hieroor lees in Johannes 14: 16-26 en Johannes 16:13
- Jesus het verder genoem dat die Heilige Gees 'n onderwyser en 'n Gees van getuigenis is - wat beteken dat Hy 'n getuie vir God is en die waarheid oor God sal spreek.
- Die Heilige Gees sal praat van dit wat hy van God hoor en ook vertel van die dinge wat nog kom. Die Heilige Gees kry sy gesag van God, wat beteken dat Hy sy krag van God kry.



- Die dissipels sal dus nooit alleen wees nie. Hulle sal vanuit die Heilige Gees, wat altyd in hulle is, leiding en vertroosting ontvang. Die Heilige Gees sal hulle help om God se woord te verprei en sy verlossingsplan te volg.
 - Maar Jesus moes eers vertrek voordat die Heilige Gees gestuur kon word. Wat beteken dit vandag vir ons?
 - Die Heilige Gees is 'n sakramentele gawe van God aan ons, dit is 'n seëning van God vir ons.
 - Ons ontvang vandag die gawe van die Heilige Gees deur die sakrament van Heilige Verseëling.
 - In die Nuwe Apostoliese Kerk word dit slegs deur gebed en handoplegging van 'n geordende apostel gedoen.
 - Voordat ons die Heilige Gees deur Heilige Verseëling kan ontvang, moet ons met water gedoop word, dit is die sakrament van die Heilige Doop.
 - Selfs Jesus is gedoop voordat Hy die Heilige Gees ontvang het.
 - Die Heilige Gees het sigbaar, in die vorm van 'n duif, op die Here Jesus neergedaal tydens sy doop in die Jordaanrivier.
 - In ons kerk word drie sakramente, ook verwys na as Heilige Handeling, bedien. Dit is Heilige Doop met water, Heilige Verseëling (die ontvangs van die Heilige Gees) en die Heilige Nagmaal.
- Hoe ervaar ons die werk of aktiwiteit van die Heilige Gees vandag?
- Die Heilige Gees inspireer die woord wat in ons godsdienste gesprek word en gee ons 'n begrip van God se werkinge.
 - In die godsdienste voel dit of ons persoonlik aangespreek word, asof God met ons praat.
 - Ons het die gawe van die Heilige Gees ontvang en ervaar die krag daarvan in ons.
 - Ons word herhaaldelik aan die wederkoms van Christus herinner.
 - Ons voel veilig en het vrede.



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Die Heilige Gees herinner ons keer op keer dat ons kinders van God is.
- As ons die Heilige Gees in ons het, moet dit ons lewens beïnvloed.
- In Galasiërs 5: 22-23 praat apostel Paulus van die Vrugte van die Heilige Gees.
- Met die Heilige Gees in ons, moet ons lewens die vrugte van die Gees ten toon stel, naamlik: liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid (geduld), vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.
- Onthou altyd dat ons in die genade van God leef en deur die gawes wat Hy aan ons gegee het te gebruik, sal ons die vrugte van die Heilige Gees in ons lewens kan sien.

Doen vanaf vandag ekstra moeite om die Vrugte van die Heilige Gees in jou lewe voort te bring.

Doen oefening 1 en 2 saam met u kind en beantwoord die vrae.

Antwoorde op Oefening 1:

Onderwyser - Johannes 14:26

Helper - Johannes 14: 16; Johannes 14: 26; Johannes 16: 7

Gees van die Waarheid - Johannes 14: 17; Johannes 16: 13

Die een wat verkondig wat nog gaan kom - Johannes 16: 13

Twee konsepte: Helper en Gees van Waarheid

Voorvereiste vir Jesus: dit is tot julle voordeel dat ek weggaan

Oefening 2:

Voltooi die blokkiesraaisel - Vrugte van die Gees



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te gaan haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen